LAERSKOOL

CHARLO

PRIMARY

LAERSKOOL CHARLO SE COVID-19 BELEID TEEN STIGMATISERING

By Laerskool Charlo:

- word die regte van alle leerders, onderwysers, werkers, en ouers gerespekteer.
- word leerders, onderwysers, en werkers met COVID-19 behoorlik bestuur.
- Word stappe geneem om die verdere verspreiding van die COVID-19 infeksie te voorkom.
- word ‘n nie-diskriminerende omgee-leer en werksomgewing geskep.

STAPPE WAT DIE PERSONEEL VAN LAERSKOOL CHARLO NEEM OM STIGMATISERING TE VOORKOM

- Lei onderwysers, werkers en leerders op oor wat die simptome van COVID-19 is.
- Lei onderwysers, werkers en leerders op oor hoe COVID-19 versprei.
- Maak seker onderwysers,werkers en leerders is vertroud met die inhoud van Laerskool Charlo se voorkomingsbeleid van COVID-19.

LEERDERS OF ONDERWYSERS WAT POSITIEF GETOETS WORD VIR COVID-19:

Leerders/onderwysers/werkers wat positief getoets word vir COVID-19, mag nie van die geleentheid ontneem word om hul volle potensiaal te bereik nie. Hulle behoeftes moet so ver moontlik geakkommodeer word binne die skoolomgewing of deur tuisonderrig. Enige spesiale maatreëls wat getref word, moet medies regverdigbaar wees en in oorleg met die leerder en ouer geneem word.

Enige leerder, onderwyser of werker wat diskrimineer teen enige ander persoon wat COVID-19 het of gehad het, mag gedissiplineer word indien hul skuldig bevind word tydens ‘n dissiplinêre verhoor.

Die volgende mag gesien word as diskriminasie:

- Naam-roeping
- ‘n Persoon afsonder uit ‘n groep/klas/les op gronde van sy/haar mediese geskiedenis.
- Om ‘n persoon dieselfde regte as ander kinders van Laerskool Charlo, te weier.
- Hierdie is nie n geslote lys van faktore wat as diskriminasie beskou kan word nie.

A Daniell	B v d Schyff	Datum
Skoolhoof	BHL Voorsitter	

MILESWEG / ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH
POSBUS / PO BOX 5393, WALMER, 6070
TEL: 041 367 1172
FAX: 041 367 2334
EMAIL: info@charlo.co.za
WEB: www.charlo.co.za
FACEBOOK: http://www.facebook.com/CharloPrimarySchool

LAERSKOOL

CHARLO

PRIMARY

MILESWEG / ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH
POSBUS / PO BOX 5393, WALMER, 6070
TEL: 041 367 1172
FAX: 041 367 2334
EMAIL: info@charlo.co.za
WEB: www.charlo.co.za
FACEBOOK: http://www.facebook.com/CharloPrimarySchool